# President Boshof en die Staatsdiens van die Oranje-Vrystaat

deur

P. C. FOURIE

DIE doeltreffendheid van die staatsdiens word nie slegs bepaal deur die metodes en tegnieke van organisasie, die beskikbare finansiële middele en die besondere prosedure waarvan gebruik gemaak word nie. Inteendeel, die menslike faktor speel heel dikwels 'n bepalende rol by die sukses of mislukking van administratiewe optrede. Die persoonlike bydraes van die hoofamptenaar is in hierdie verband van besondere belang. Daarom is dit van belang om ondersoek in te stel na die persoonlike rol wat die eerste twee presidente van die Oranje-Vrystaat t.o.v. die ontwikkeling van die staatsdiens gespeel en die besondere bydraes wat hulle gelewer het.

1. *Die Bepalings van die Grondwet*

Die grondwet het die funksies en bevoegdhede van die president kort en bondig uiteengesit. Ingevolge die bepalings van die grondwet was hy die hoof van die Uitvoerende Gesag en as sodanig aan die Volksraad vir al sy handelinge verantwoordelik.(1) Die „toezigt van alle publieke Departementen, en de uitvoering en regeling van alle zaken, in betrekking met publieke Diensten" is aan die president toevertrou op voorwaarde dat al sy „handelingen of verrigtingen aan Appel voor den Volksraad onderhevig zullen zyn".(2) Daarbenewens moes hy ten minste een keer per jaar al die dorpe besoek, die kantore aldaar inspekteer en die inwoners van die distrik die geleentheid bied om „hunne belangen . . . voortebrengen".(3) Hy was ook verplig om by die jaarlikse vergaderings van die Volksraad oor die algemene landsomstandighede en toestande in die staatsdiens, verslag te doen.(4) By dieselfde geleentheid moes hy die Volksraad van die nodige advies dien en wanneer nodig, wetsontwerpe ter tafel lê. Aan die president is ook die bevoegdheid verleen om, wanneer die Volksraad nie in sitting was nie, voorlopige reëlings te tref vir die vulling van vakatures wat in die staatsdiens mag ontstaan en om amptenare te „suspenderen".(5)

Na aanleiding van die voorgaande blyk dit dat daar ingevolge die bepalings van die grondwet, min bevoegdhede aan die president verleen is en dat hy volkome aan die Volksraad ondergeskik was. Hierdie maatreëls het verseker dat die president t.o.v. die staatsadministrasie ten alle tye die opdragte en beleid van die Volksraad moes uitvoer en dat die staatsdiens altyd met die

(1) Van der Vyver, W. B. en Breytenbach, J. H.: „Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (volledig met alle bylae daarby) — Deel I (1854-1855)": *Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Oranje-Vrystaat No.* 1 (Pretoria: Staatsdrukker, 1952), p. 198: „Constitutie van den Oranje Vrye Staat", Art. XXIX.
(2) *Ibid.*
(3) *Ibid.*, Art. XXX.
(4) *Ibid.*, Art. XXXI.
(5) *Ibid.*, Arts. XXXIII en XXXIV.

belange en wense van die publiek moes rekening hou. Die staatsdiens was dus aan demokratiese beheer onderhewig en was dit vir die president nie moontlik om outokratiese magte aan homself toe te eien nie.

Die feit dat die bepalings van die grondwet nie die funksies en bevoegdhede van die president as hoof van die staatsdiens breedvoerig omskryf het nie, het destyds in die praktyk nie 'n wesentlike tekortkoming geblyk te wees nie. Trouens, die president is daardeur in die geleentheid gestel om eie inisiatief aan die dag te lê en binne die breë beleid deur die Volksraad bepaal, maatreëls te tref om die staatsdiens te ontwikkel en doeltreffend te organiseer. Die wyse waarop die president van hierdie geleentheid gebruik sou maak, is egter in 'n groot mate bepaal deur sy insig in die staatsadministrasie, die administratiewe vernuf wat hy aan die dag gelê en die vertroue wat hy in die amptenare en hulle in hom gehad het. Soos aanstons verduidelik sal word, was die sukses van die president as die hoof van die staatsdiens en die rol wat hy in die staatsadministrasie gespeel het, grootliks bepaal deur die besondere persoonlike eienskappe waaroor hy beskik het.

2. *Persoonlike Invloed van Hoffman en Boshof*

(a) *President J. P. Hoffman*

President Hoffman, wat die eerste president van die Oranje-Vrystaat was, het oor geen vorige ervaring van staatsadministrasie beskik nie. 'n Kapenaar van geboorte, het hy hom na jare van togry as boer in die suide van die Vrystaat gevestig. Hy was in hoofsaak politikus en het in sy kort ampstermyn skynbaar min belangsteling in die staatsdiens geopenbaar. Hoewel hy blykbaar geen persoonlike bydrae tot die uitbouing van die staatsdiens gelewer het nie, kan vermeld word dat die reëlings wat met die oorname van die staatsdiens van die Britse bewind getref is, onder sy leiding vlot verloop het.

(b) *President J. N. Boshof*

In teenstelling met Hoffman, het president Boshof oor ervaring en kennis van staatsadministrasie beskik. Hy was nie alleen voorheen amptenaar in die staatsdiens van die Kaapkolonie nie, maar hy was in die Republiek Natalia by geleentheid voorsitter van die Volksraad en op een stadium landdros. Na die anneksasie van Natal, het hy ook die ampte van Registrateur en Meester van die Hooggeregshof onder die Britse bewind beklee. Dat Boshof alreeds in Natal getoon het dat hy 'n knap administrateur was, blyk duidelik uit die volgende kommentaar wat die *Natal Witness* gelewer het toe hy as kandidaat vir die presidentsamp benoem is:

„A gentleman more remarkably well qualified for the difficult office would probably not be found in South Africa, or anywhere else.

"In Natal, Mr. Boshof is known to be one of those men whose efficiency in the various departments of the public service, is only exceeded by the worth of his private character. He served our colony well, when, as magistrate he posed the balance of justice so that his best friend, and worse enemy, if he has one, bowed to his decision, with the respect to mind, clear in its perception of right, and inflexible in its determination to do justly. When the duties of the Crown Prosecutor devolved on him, the mild firmness and moral influence

of his character shone out, and left no room to fear that power would be abused, or partiality influence a mind to be swayed only by the force of habitual virtue.[6]

Sommige Vrystaters was blykbaar ook bewus van Boshof se administratiewe bekwaamhede, want by geleentheid van sy ampsaanvaarding is 'n adres aan hom aangebied waarin die ondertekenaars daarvan hulle onder andere soos volg uitgedruk het:

„Naast God verwacht het volk en het Gouvernement, dan ook vol vertrouwen dat Uw. Ed. bekendheid met en ondervinding van alle bijzonderheden welke dit land en volk eigen zijn, en Uw. Ed. erkend bekwaamheden in administratieve en Finantieele aangelegenheden, belangrijk den bloei en welvaart van dezen Staat zullen bevorderen."[7]

President Boshof het skynbaar vaste voornemens gehad om aan die verwagtinge wat die Vrystaters van hom as hoof van die staatsdiens gekoester het, te voldoen. 'n Maand nadat hy in Bloemfontein aangekom het, het hy die Volksraad op 28 Augustus 1855 toegespreek en blyke gegee dat hy hom redelik goed vergewis het van die stand van sake en die noodsaaklikheid dat sekere verbeterings in die staatsdiens aangebring moes word. Hy het dan ook die Volksraad meegedeel dat hy van voorneme was om by die eersvolgende sitting van die Raad, „wetsbepalingen betrekkelijk verschillende onderwerpen die mij onontbeerlijk voorkomen"[8] aan die Raad voor te lê.

Die president het intussen besonder aandag gegee aan die verbetering van die rekeningstelsel van die Republiek en die algemene opknapping van die finansiële administrasie.[9] Die bydrae wat hy in hierdie verband gelewer het getuig daarvan dat sy vorige ervaring as staatsamptenaar hom handig te pas gekom het. Die wyse waarop hy die voorskrifte aan amptenare belas met die finansiële administrasie opgestel het, dui ook op sy administratiewe vernuf. Sy insig in administratiewe aangeleenthede het hom blykbaar laat besef dat 'n eenvormige rekeningstelsel noodsaaklik is om openbare fondse behoorlik te beheer en om te verseker dat die insameling van staatsgelde op 'n doeltreffende wyse sal geskied.

Dat president Boshof 'n daadwerklike invloed op die organisasie van die Vrystaatse staatsdiens uitgeoefen het, blyk baie duidelik uit die reorganisasievoorstelle en wetsontwerpe wat hy by die Februarie-sitting in 1856 aan die Volksraad voorgelê het. Die president het skynbaar 'n goeie studie van die organisasie van die staatsdiens gemaak want in sy *aanspraak* het hy die Volksraad meegedeel dat „er in alle departementen en op alle kantoren nog veel te verbeteren is, om de dienst op dien voet te brengen, zoo als enigzins bestaanbaar is met den regel, die onder eene geschikte administratie op publieke kantoren behoort te worden gevolgd".[10] Hieruit blyk ook dat die president vanweë

(6) Aangehaal deur *The Friend of the Free State*, d.d. 28.4.1855.
(7) Inkomende korrespondensie van die Goewermentsekretaris, d.d. 17.7.1855.
(8) *Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Oranje-Vrystaat No. 1*, *op. cit.*, p. 107: V.R.N.: d.d. 28.8.1855.
(9) G.S.1550: Instruksies van president Boshof aan die Landdroste, d.d. 12.9.1855.
(10) Van der Vyver, W. B. en Breytenbach, J. H.: „Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (volledig met alle bylae daarby) — Deel II (1856 — 1857)": *Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Oranje-Vrystaat No. 2* (Pretoria: Staatsdrukker, 1953), p. 7. V.R.N.: d.d. 4.2.1856.

sy ervaring en administratiewe bekwaamhede, duidelike opvattings oor die doeltreffendheid van 'n staatsdiens gehad het en geweet het watter maatstawwe om in hierdie verband toe te pas.

Die bogenoemde reorganisasievoorstelle het onder andere die instelling van die ampte van Staatsprokureur en Posmeester-generaal meegebring. Daarbenewens is maatreëls getref om die werk van die onderskeie amptenare op Bloemfontein te herverdeel, om sodoende meer eweredige werkdragte mee te bring en om die samevoeging van sekere take op funksionele grondslag te bewerkstellig.

Die wetsontwerpe wat die president voorgelê het, het onder andere aanleiding gegee tot die vasstelling van die prosedure in verband met die registrasie van aktes. Verder is die bepalings in verband met lisensiegelde, seëlregte en „kantoorpenningen" gekonsolideer.(11)

Die voorgenoemde maatreëls het skynbaar byval gevind en *The Friend of the Free State* het onder andere die volgende opmerking gemaak: „Some of the immediate benefits which can scarcely fail to arise from this new course we may confidently anticipate . . . the . . . following; firstly, relief to our public officers, who will be enabled under the guidance of definite and satisfactory rules (though some may deem this a paradox), to get through more work in less time, and, secondly to those who have to resort to our Courts and public offices, an increase of confidence which will speedily be found to tell beneficially on the public revenue."(12)

Boshof het volgehou met sy pogings om die staatsdiens op 'n hegte grondslag te plaas en hy het feitlik by elke sitting van die Volksraad voorstelle in dié verband ingedien. Die Volksraad het skynbaar volle vertroue in die administratiewe vernuf van die president gehad, want die voorstelle wat hy aan die hand gedoen en die wetsontwerpe wat hy ingedien het, is gewoonlik met geringe wysigings aanvaar. Die publiek was blykbaar ook tevrede met die nuwe maatreëls want geen noemenswaardige besware is gemaak nie.

Aangesien die korrespondensie van die president gewoonlik deur die Goewermentsekretaris waargeneem is, is dit moeilik om te bepaal in watter mate Boshof persoonlik vir sekere reëlings verantwoordelik was. Daar kan egter in die lig van die voorgaande, aanvaar word dat Boshof 'n groot aandeel in die bepaling van administratiewe beleid en die opstel van voorskrifte aan die amptenare gehad het. Die inhoud van die brieweboeke lei onwillekeurig tot die gevolgtrekking dat president Boshof volle beheer oor administratiewe aangeleenthede gehad het en dat hy met die behoeftes en probleme van die staatsdiens vertroud was. Die amptenare het na hom om leiding opgesien en sy besliste optrede het skynbaar daartoe bygedra om frustrasie by hulle te voorkom. Die gesonde oordeel wat hy openbaar het en die persoonlike ywer wat hy aan die dag gelê het, het die vertroue van die amptenare gewek.

President Boshof het daartoe bygedra om aan die staatsdiens van die Oranje-Vrystaat 'n sterk Britse karakter te verleen. Sy ervaring in die staatsdienste van die Kaapkolonie en Natal het onwillekeurig daartoe aanleiding gegee dat hy sommige van die beginsels wat daar gegeld het, ook in die Vrystaat toegepas

(11) *Ibid.*, p. 10: V.R.N.: d.d. 4.2.1856.
(12) *The Friend of the Free State*, d.d. 1.3.1856.

het. Daarbenewens het hy ook nie gehuiwer om by die voorbereiding van wetsontwerpe van die Kaapse en Natalse wetgewing as voorbeelde gebruik te maak nie. Tydens die Februarie-sitting in 1856 het hy byvoorbeeld die Volksraad meegedeel dat sewe van die nege wetsontwerpe wat hy ter tafel gelê het „zijn overgenomen uit de Ordonnantiën van die Kaapsche of Natalsche koloniën, herzien en veranderd op zoodanige wijze als mij voorkwam noodzakelijk te zijn voor de omstandigheden van den Staat."[13] Die Koloniale wetgewing wat as voorbeelde gebruik is, het feitlik deurgaans reeds 'n toets van twintig en meer jare deurstaan en dit verklaar waarskynlik waarom dit destyds selde nodig was om die wetgewing in die Oranje-Vrystaat te hersien. Verder het hierdie gebruik eksperimente voorkom, wat onteenseglik veel daartoe moes bygedra het om stabiliteit te bewerkstellig, onkoste te vermy en om die doeltreffendheid van die staatsdiens te verhoog.

3. *Formele Funksies:*

Soos alreeds hierbo aangetoon is daar ingevolge die bepalings van die grondwet aan die president die taak opgedra om toesig oor die staatsdiens te hou. Hierdie taak het veel meer ingehou as wat die genoemde bepaling van die grondwet oënskynlik aandui want „whatever their station in the hierarchy, all supervisors have certain responsibilities in common. These are planning the work of their units, divisions, or departments, issuing orders as to how it is to be done, watching over their subordinates to see that the work is satisfactorily accomplished, and exercising the control functions . . . "[14]

Die president het dus 'n verskeidenheid funksies verrig wat hieronder slegs baie saaklik beskryf word.

(a) *Organisasie.*

(i) *Verdeling van werk en toewysing van pligte.*

Namate die omvang van die werksaamhede van die staatsdiens toegeneem het, was dit vir die president nodig om die werk van sommige amptenare te herverdeel en om aan andere nuwe pligte toe te wys. Hierdeur kon verseker word dat die amptenare 'n redelik eweredige werkdag het en kon daar ook voorkom word dat werk ophoop en vertragings meebring. President Boshof het dan ook van tyd tot tyd reëlings getref om, namate omstandighede dit genoodsaak het, die funksies verbonde aan die kantore te Bloemfontein te herverdeel.[15]

(ii) *Uitbreiding van die diensstaat.*

Staatsadministrasie is 'n voortdurende proses en daar moet derhalwe rekening gehou word met veranderende omstandighede en nuwe behoeftes wat mag ontstaan. Omdat aan die staatsdiens van die Oranje-Vrystaat met verloop van tyd hoër eise gestel is, was die president genoodsaak om periodiek die Volksraad te versoek om die instelling van bykomende poste goed te keur. President Boshof was egter gewoonlik nie geneë om die versoeke van die landdroste om bykomende personeel aan te stel, sonder meer te oorweeg nie. Hy het eers 'n

(13) *Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Oranje-Vrystaat No. 2, op. cit.,* p. 10: V.R.N.: d.d. 4.2.1856.
(14) Dimock, M. E. and G. O.: *Public Administration,* (New York: Rinehart and Company, Inc., 1953), p. 340.
(15) *Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Oranje-Vrystaat No. 2, op. cit.,* p. 11: V.R.N.: d.d. 4.2.1856.

deeglike opname van die omvang van die werksaamhede van die betrokke kantore gemaak alvorens hy die instelling van nuwe poste by die Volksraad aanbeveel, of die indiensneming van tydelike hulp goedgekeur het.[16]

Die uitbreiding van die werksaamhede van die staatsdiens om aan nuwe behoeftes van die publiek te voldoen, noodsaak gewoonlik 'n groter mate van funksionele spesialisasie. Van die president is verwag om die behoeftes te identifiseer sodat die instelling van nuwe ampte beplan kon word. Die omvang van die poswese het byvoorbeeld sodanig toegeneem dat dit nie meer doeltreffend vanuit die kantoor van die president of goewermentsekretaris beheer kan word nie en gevolglik is 'n posmeester-generaal aangestel.[17]

(iii) *Koördinasie.*

Hoewel die staatsdiens 'n verskeidenheid funksies verrig, behoort dit altyd as 'n eenheid te funksioneer. Koördinasie is dus noodsaaklik om die eenheid te bewaar en om oorvleueling van werksaamhede te voorkom. Aangesien die staatsdiens van die Oranje-Vrystaat destyds relatief klein was, kon koördinasie redelik maklik bewerkstellig word. Hierdie funksie is grootliks deur die president deur middel van die kantoor van die goewermentsekretaris waargeneem.

(iv) *Werkmetodes en -prosedure.*

Goeie organisasie noodsaak die toepassing van doeltreffende werkmetodes en -prosedure. Die toesighoudende funksies van die president het meegebring dat hy 'n wakende oog oor die toepassing van doeltreffende werkmetodes en -prosedure in die staatsdiens moes hou en dat hy desnoods verbeterings moes aanbring. Deur die standaardisering van prosedure word die werk nie alleen vereenvoudig nie, maar dit voorkom ook verwarring en verhoog die voortreflikheid van die beheerstelsel. Vandaar dat president Boshof van meet af aan gepoog het om eenvormigheid in die administratiewe prosedure te bewerkstellig.

President Boshof het besondere aandag gegee aan die verbetering van die werkmetodes en -prosedure en hy het spesifieke instruksies in hierdie verband uitgereik. Daarbenewens het hy van amptenare verwag om self verbeterings aan te bring om uitgawes te bekamp. Hy het amptenare ook gereeld aangemoedig om 'n spaarsin aan die dag te lê deur die toepassing van doeltreffende werkmetodes.[18]

(v) *Beheer.*

Beheer bestaan grootliks uit die gee van werkopdragte en toesig om bevredigende uitvoering van die opdragte te verseker. Die uitoefening van beheer oor die staatsdiens was een van die president se vernaamste funksies.

Om die nodige beheer uit te oefen het die president die onderskeie kantore in die verskillende distrikte geïnspekteer. Soms het hy ook sekere hoofamptenare versoek om namens hom die inspeksies waar te neem en verslag te doen.[19] Verder het die president die amptenare van tyd tot tyd opdrag gegee om oor spesifieke aangeleenthede verslae voor te lê.

(16) Vergelyk byvoorbeeld: (i) G.S.1552: Goewermentsekretaris aan die Landdros van Bloemfontein, d.d. 12.12.1857; (ii) G.S.1584: Goewermentsekretaris aan die Landdros van Bloemfontein, d.d. 4.1.1859.
(17) *Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Oranje-Vrystaat No. 2, op. cit.*, p. 11: V.R.N.: d.d. 4.2.1856; *Ibid.*, p. 25: V.R.N.: d.d. 19.2.1856.
(18) Vergelyk byvoorbeeld: G.S.1550: Omsendbrief aan al die Landdroste d.d. 27.9.1855.
(19) Vergelyk byvoorbeeld: Inkomende briewe van die Goewermentsekretaris: Staatsprokureur aan die Goewermentsekretaris, d.d. 13.12.1856.

Die beheerfunksie van die president het ook meegebring dat amptenare sekere aangeleenthede na hom vir 'n beslissing moes verwys alvorens hulle kon optree. Die organisatoriese reëlings en prosedurevoorskrifte wat in wetgewing, regulasies en kantoorinstruksies vervat is, het natuurlik veel daartoe bygedra om die beheer van die president te verstewig.

(vi) *Administratiewe beleid.*

As hoofamptenaar was die president grootliks verantwoordelik vir die bepaling van die administratiewe beleid. Die beleidbepalings is gewoonlik in die opdragte en instruksies van die president vervat. Uiteraard het die ander amptenare waarskynlik ook by die bepaling van administratiewe beleid 'n rol gespeel aangesien hulle soms voorstelle in hierdie verband aan die president voorgelê het.

(b) *Personeel*

(i) *Aanwerwing, keuring en plasing.*

Die personeelbehoeftes van die staatsdiens was destyds relatief beperk en die aanwerwing-, keuring- en plasingsfunksie kon nog tot op groot hoogte deur die president self waargeneeem word, alhoewel aanstellings aan die goedkeuring van die Volksraad onderhewig was.

(ii) *Diensvoorwaardes.*

Die reëling van die diensvoorwaardes van amptenare is in die praktyk gewoonlik deur die president behartig. Die vermindering en verhoging van salarisse en die betaling van toelaes aan amptenare, was die prerogatief van die Volksraad. Die president het egter gewoonlik die Volksraad in hierdie verband gelei aangesien hy goed met die stand van die landsfinansies vertroud was.

(iii) *Dissipline.*

Doeltreffende toesig noodsaak die handhawing van 'n gesonde dissipline by die ondergeskiktes. President Boshof het byvoorbeeld sterk aangedring op die handhawing van gereelde kantoorure, dat amptenare op 'n waardige wyse moes optree en dat opdragte stiptelik uitgevoer moes word.[20]

Ingevolge die bepalings van die grondwet kon die president amptenare skors. Hierdie maatreël kon veel daartoe bydra om dissipline te handhaaf en president Boshof het nie gehuiwer om daarvan gebruik te maak wanneer amptenare hulle onwaardig gedra het of hulle nie aan sy beslissings wou onderwerp nie.[21]

(c) *Finansies*

Die president het as hoof van die staatsdiens ook 'n besondere verantwoordelikheid t.o.v. finansiële administrasie gehad. Hierdie toedrag van sake was onvermydelik want „whether or not an executive is figureminded, he can hardly ignore the pervasive character of financial administration in general administration, for it arises at every stage of the process, permeates every aspect of it, and is essential to the performance of every duty".[22]

(20) Vergelyk byvoorbeeld: G.S.1551: Goewermentsekretaris aan die Landdros van Bloemfontein, d.d. 24.12.1855.
(21) Vergelyk byvoorbeeld: *Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Oranje-Vrystaat No. 2, op. cit.*, pp. 41 en 42: V.R.N.: d.d. 6.10.1856.
(22) Dimock, M. E. and G. O.: *op. cit.*, p. 185.

(i) *Die Begroting.*

Aangesien die president jaarliks 'n begroting van die land se inkomste en uitgawe aan die Volksraad voorgelê het,[23] moes hy natuurlik toesien dat die amptenare wat vir die opstelling van die begroting verantwoordelik was, dit betyds en akkuraat doen. Die president het die uitvoering van die begroting beheer en geen ekstra uitgawes kon sonder sy goedkeuring aangegaan word nie.[24] Daarbenewens het die president van amptenare verwag om die fondse wat in die begroting bewillig is, op die mees voortreflike wyse aan te wend.

(ii) *Invordering van fondse.*

Die Vrystaat het destyds 'n chroniese gebrek aan fondse gehad. President Boshof het derhalwe die amptenare wat met die invordering van staatsgelde belas was, voortdurend versoek om alles in hulle vermoë te doen om die rekoniegelde in te vorder en hy het enige nalatigheid in hierdie verband ten sterkste afgekeur.

4. *Gevolgtrekkings*

Na aanleiding van die voorgaande kan daar tot die gevolgtrekking geraak word dat die rol van die president as hoof van die staatsdiens, grootliks bepaal is deur sy kennis en insig van staatsadministrasie en die vermoë waaroor hy beskik het om die Volksraad en die amptenare in dié verband te lei. President Boshof het hom as administrateur onderskei en sy persoonlike beywering vir die daarstelling van 'n doeltreffende staatsdiens het tot gevolg gehad dat hy mettertyd soos volg aan die Volksraad kon rapporteer: „De regeling der publieke bezigheden in onze kantoren, zoowel in het administratieve als judicieele, . . . hebben over het gemeen niet weinig toegebracht, om tevredenheid in het land en achting voor en vertrouwen op de regering te weeg te brengen."[25]

Daar behoort egter in gedagte gehou te word dat president Boshof hom waarskynlik nie suksesvol as hoof van die staatsdiens sou kon gehandhaaf het indien hy nie bygestaan was deur 'n bevoegde amptenary nie. Die wyse waarop die president daarin geslaag het om die staatsdiens op 'n bevredigende grondslag te plaas, spreek dus veel vir die toegewydheid en ywer wat die amptenare wat hom moes bystaan, aan die dag gelê het.

Die president het destyds besonder naby aan die staatsdiens gestaan. Dit was natuurlik moontlik aangesien die staatsdiens toe nog relatief klein en die werksaamhede van beperkte omvang was. Die president is dus in die geleentheid gestel om sy persoonlike aandag aan sake te skenk en het hy min bevoegdhede gedelegeer. Hierdie feit het ook tot gevolg gehad dat die persoonlike karaktereienskappe van die president hulle deeglik in die staatsdiens kon laat geld.

Samevattend kan gesê word dat die werksaamhede van die president destyds meegebring het dat hy die hooforganiseerder, asook die personeel- en finansiële bestuurder van die Vrystaat was.

(23) Vergelyk byvoorbeeld: *Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Oranje-Vrystaat No. 2, op. cit.*, p. 76: V.R.N.: d.d. 2.2.1857.

(24) Vergelyk byvoorbeeld: Inkomende korrespondensie, Landdros van Bloemfontein: Omsendbrief, d.d. 12.9.1856.

(25) *Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Oranje-Vrystaat No. 2, op. cit.*, p. 73: V.R.N.: d.d. 2.2.1857.